Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk

(Registrasienommer 1924/001164/06)
(In die Republiek van Suid-Afrika geregistreer)
("HL&H")

Onttrekking van omsigtigheidsaankondiging

In 'n aankondiging wat op Maandag, 4 Desember 2000 gepubliseer is, is aangekondig dat die verkoop van Transvaal Suiker Beperk ("TSB") aan The Tongaat-Hulett Group Limited deur die Mededingingstribunaal afgekeur is. 'n Opskortende voorwaarde van die reëlingskema wat oorweeg is deur Industrial Partnership Investments Beperk ("IPI") 'n filiaal van Remgro Beperk, kragtens Artikel 311 van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig ("die voorgestelde skemas"), is nie nagekom nie. Die voorgestelde skema het vervolgens verval en sal nie deur IPI geïmplementeer word nie.

Die verhoor voor die Mededingingstribunaal, en in besonder die voorleggings van die Departement van Handel en Nywerheid, het onsekerheid in die suikerbedryf geskep. Gegewe die omstandighede wat nou in die bedryf heers, is die direksie van mening dat dit nie in HL&H se belang is om TSB van die hand te sit nie.

Die waarde van die twee uiteenlopende besighede wat deur HL&H besit word, naamlik TSB en Robertsons Holdings (Eiendoms) Beperk, word nie noodwendig akkuraat gereflekteer in die huidige pryse van die gewone en voorkeuraandele nie. Die maatskappy ondersoek deurlopend wyses waarop aandeelhouerswaarde ontsluit en optimaliseer kan word.

Gewone en voorkeuraandeelhouers word voorts meegedeel dat omsigtigheid nie langer benodig word met die verhandeling van hul aandele nie.

Sandton
14 Desember 2000

Beleggingsbank en Korporatiewe Adviseur

Real Africa Durolink Investment Bank Beperk
(Registrasienommer 1987/005258/06)
www.radbank.co.za

Korporatiewe Regsadviseurs en Konsultante

EDWARD NATHAN & FRIEDLAND (EDMS) BPK
(Registrasienommer 1999/026464/07)

FCB Jonssons

0/0730 - Cautionary - 21x4 – sharon
AFRIKAANS – 8TH PROOF